# UITNODIGING VIR AANSOEKE OM HULPTOELAAGBEFONDSING 2026/27: DEPARTEMENT GEMEENSKAPS-, KUNS- EN KULTUURONTWIKKELING

Die Stad Kaapstad se departement gemeenskaps-, kuns- en kultuurontwikkeling wag aansoeke om befondsing in van geregistreerde organisasies met voorstelle om vir die 2026/27-boekjaar programme oor die voorkoming van middelmisbruik, geslagsprogramme, en opleiding vir versorgers in vroeëkindontwikkeling in kwesbare gemeenskappe in die Stad Kaapstad te implementeer. Die doel van hierdie uitnodiging is om bewysgegronde voorkomende ingrypings wat die risiko versag en beskermende faktore versterk, te identifiseer en te befonds.

**Slegs programme wat in die volgende kategorieë val, sal oorweeg word:**

**Programme oor die voorkoming van middelmisbruik**

Die program moet een van die volgende teiken:
- Voorkomingsprogramme wat gemik is op kinders tussen 6 en 12 jaar oud.
- Voorkomingsprogramme wat gemik is op adolessente tussen 10 en 19 jaar oud.
- Gesinsgegronde voorkomingsprogramme wat gemik is op versorgers wat 18 jaar oud en ouer is, en kinders tussen 10 en 17 jaar oud het.

Programme moet voorkomend van aard wees en moet nie op slegs behandeling of nasorg fokus nie.
Programme moet oor 'n tydperk geïmplementeer word en voorsiening maak vir gereelde en konsekwente interaksie, aangesien daar bewys is dat dié benadering betekenisvolle en langdurige gedragsverandering doeltreffender ondersteun.
Ingrypings moet ouderdomsgepas, kultureel responsief en kontekstueel relevant wees.

**Verlangde uitkomste vir 2026/27**
Voorstelle moet fokus op belyning met die wetenskaplike beginsels van voorkoming, soos gerig deur die Verenigde Nasies se kantoor oor dwelms en misdaad (UNODC).

**Alle voorgestelde programme moet ooreenstemming met die UNODC se voorkomingsbeginsels demonstreer, insluitend:**
- Fokus op risiko en beskermende faktore.
- Gebruik van bewysgegronde en ontwikkelingsgepaste benaderings.
- Beklemtoning van vaardigheidsontwikkeling, positiewe gedragsmodellering en maatskaplike bevoegdheid.
- Insluiting van gesinsversterking en gemeenskapsamehang, waar van toepassing.
- Vermyding van benaderings wat op vrees gegrond of bestraffend is, of eenmalige bewusmaking behels.

**Let wel:**
'n Bedrag van R2 000 000 is vir toekenning beskikbaar. Aansoekers moet realisties wees tydens die opstel van hul voorstelle. Nie alle aansoekers sal befondsing ontvang nie, en die Stad kan besluit om nie 'n voorstel in geheel te befonds nie. Projekte moet binne twee maande ná ontvangs van fondse begin en binne ses maande ná betaling van die fondse voltooi word.

**Geslagsprogramme**

**Die program moet een van die volgende teiken:**
- Voorkomingsprogramme wat gemik is op gesinne, met die teiken op ouers/versorgers wat 18 jaar oud en ouer is en kinders tussen 10 en 17 jaar oud het.
- Voorkomingsprogramme wat gemik is op jong seuns tussen 13 en 17 jaar oud.
- Voorkomingsprogramme wat gemik is op jong meisies tussen 13 en 17 jaar oud.

Programme moet voorkomend van aard wees. Programme moet oor 'n tydperk geïmplementeer word en voorsiening maak vir gereelde en konsekwente interaksie, aangesien daar bewys is dat dié benadering betekenisvolle en langdurige gedragsverandering doeltreffender ondersteun.
Ingrypings moet ouderdomsgepas, kultureel responsief en kontekstueel relevant wees.

**Verlange uitkomste vir 2026/27**

**Voorstelle moet fokus op ooreenstemming met voorkomingsbeginsels**
Alle voorgestelde programme moet ooreenstemming met die volgende voorkomingsbeginsels demonstreer:
- Gefokus op risiko en beskermende faktore.
- Die toepassing van 'n geslagstransformerende benadering.
- Die bevordering van geslagsgelykheid.
- Hantering van die grondoorsake en aandrywers van geslagsgebaseerde geweld, insluitend skadelike maatskaplike en geslagsnorme.
- Versterking van individuele, gesins- en gemeenskapsvlak- beskermende faktore.
- Moet bewysgegrond en deur beste praktyk ingelig wees.

**Let wel:**
'n Bedrag van R1 000 000 is vir toekenning beskikbaar. Aansoekers moet realisties wees tydens die opstel van hul voorstelle. Nie alle aansoekers sal befondsing ontvang nie, en die Stad kan besluit om nie 'n voorstel in geheel te befonds nie. Projekte moet binne twee maande ná ontvangs van fondse begin en binne ses maande ná betaling van die fondse voltooi word.

**Program vir versorgers in vroeëkindontwikkeling**

**Voorstelle moet fokus op die vaardigheidsontwikkeling van ouers/versorgers van kinders (2 tot 5 jaar oud) wat die volgende uiteensit:**
'n Omvattende tuisgegronde leerprogram vir kinders wat 2 tot 6 jaar oud is, met daaglikse en weeklikse aktiwiteitsplanne
- Fase 1: Ouderdom 2 tot 3 (grondslag)
- Fase 2: Ouderdom 4 tot 5 (groei)

**Die program moet die volgende insluit:**
- Ouderdomsgepaste modules wat versorgers tuis kan implementeer.
- Die verskaffing van 'n stel hulpbronne om daaglikse leer- en ontwikkelingsaktiwiteite te ondersteun.
- 'n Riglyn vir versorgers met stapsgewyse instruksies.
- Materiaal wat gedruk kan word, asook digitale materiaal (flitskaarte, storieboeke, grafieke, aktiwiteitsblaaie).
- Hulpmiddels vir versorgers vir die doel van monitering en die nasporing van vordering, en om versorgers se vordering na te spoor.
- Fokus om bande tussen die versorger en kind te bou, en gesinsdeelname.
- Verseker belyning met nasionale ECD-raamwerke en standaarde vir beste praktyk.
- Integreer uitkomste op kognitiewe, taal-, motoriese, maatskaplik-emosionele, kreatiewe en lewensvaardighedevlak.

**Let wel:**
'n Bedrag van R2 000 000 is vir toekenning beskikbaar. Aansoekers moet realisties wees tydens die opstel van hul voorstelle. Nie alle aansoekers sal befondsing ontvang nie, en die Stad kan besluit om nie 'n voorstel in geheel te befonds nie. Projekte moet binne twee maande ná ontvangs van fondse begin en binne ses maande ná betaling van die fondse voltooi word

**Aansoekvereistes**
Voorstelle vir hulptoelae moet skriftelik op 'n amptelike aansoekvorm ingevul word (beskikbaar by alle subraadskantore, die tak navorsing- en programontwikkeling, of aanlyn by www.capetown.gov.za/grants-in-aid). Projekvoorstelle moet met die Stad se strategiese mikpunte ooreenstem, en moet 'n duidelike en realistiese begroting insluit.

Wanneer aansoekers hul begroting opstel, moet hulle kennis neem van die beleid oor hulptoelae wat op die Stad se webwerf (hier bo) of op versoek beskikbaar is.

Aansoekers moet op die sentrale verskaffersdatabasis geregistreer wees: https://secure.csd.gov.za/Account/Register.

Aansoekers moet ook op die Stad se databasis vir voorsieningskanaalbestuur geregistreer wees voordat hul aansoek ingedien word: https://www.capetown.gov.za/City-Connect/Register/Business-and-trade/Register-as-a-supplier

Albei registrasienommers moet op die hulptoelaag-aansoekvorm aangebring word.

Aansoekers moet as 'n organisasie sonder winsoogmerk (NPO, NGO, artikel 21-maatskappy, trust, ens.) geregistreer wees.

**Lees asseblief die aansoekvorm sorgvuldig deur en verskaf ALLE stawende dokumente wat gelys word:**
- Vorm A1, behoorlik onderteken en met voorletters op elke bladsy
- Vorm A2 (sake- en projekplan), behoorlik onderteken en met voorletters op elke bladsy
- Geouditeerde finansiële staat (vir versoeke bo R100 000)
- 'n Onafhanklik hersiene finansiële staat (vir befondsing tussen R50 001 en R100 000) of
- 'n Inkomste-en-uitgawestaat vir die vorige boekjaar soos ter tafel gelê by die algemene jaarvergadering (AGM), onderteken deur die voorsitter of 'n ander gemagtigde lid van die organisasie, tesame met 'n afskrif van die notule van die betrokke AGM (vir befondsingsversoeke onder R50 000)
- 'n Notule van die AGM (nie ouer as 18 maande nie) wat die besluit om vir die Stad se befondsing aansoek te doen, bevat. Indien die notule van die AGM nie hierdie besluit bevat nie, moet die notule van die vergadering waar hierdie besluit geneem is, of 'n brief onderteken deur alle direksielede wat hul instemming bevestig, die aansoek vergesel.
- Registrasiesertifikaat (bv. NPO-sertifikaat)
- Organisasie se grondwet of akte van oprigting
- Munisipale eiendomsbelastingrekening (opbetaald) of
- 'n Beëdigde verklaring wat bevestig dat die organisasie nie 'n munisipale rekening het nie
- 'n Geldige belastingnakomingstatussertifikaat
- 'n Nulkoers-BTW-faktuur vir die bedrag waarom aansoek gedoen word, indien vir BTW geregistreer
- Gewaarmerkte afskrifte van die identiteitsdokumente van komiteelede en/of verantwoordelike amptenare
- Bewys van bankrekening

Die voltooide aansoek, tesame met alle stawende dokumentasie, moet by die tak navorsing- en programontwikkeling, 13de verdieping, Burgersentrum, Hertzog-boulevard, Kaapstad ingedien word of per e-pos gestuur word na Public.Participation@capetown.gov.za.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 14 September 2026 om 12:00. Geen laat of onvolledige aansoeke sal oorweeg word nie.

Alle aansoeke om hulptoelaagbefondsing sal ingevolge die beleid oor hulptoelae geëvalueer word en moet aan die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 voldoen.

Skakel asseblief Anrich Ras by 021 427 7063 vir verdere besonderhede.

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**CITY MANAGER**
CTA185/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.